Gebedsbyeenkomste

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

In die meeste kerke en gemeentes is daar in probleem met die gebedsbyeenkomste. Dit is 'n toestand wat dringend aandag verdien. Indien daar nie doelgerigte en dringende aandag aan hierdie saak gegee word nie, sal die kerk grootliks oneffektief bly en sal die Bose ongehinderd voortwerk. Geen gemeente kan dit bekostig om nie 'n vaste gebedsbyeenkoms te hê nie. Die gebedsbyeenkoms is onontbeerlik vir die kerk. Daar moet gereelde en vaste tye vir gebed in elke gemeente wees. Indien jou gemeente nie 'n gereelde gebedsgeleentheid het nie, begin dan bid daarvoor. Kry iemand om saam met jou daarvoor te bid en saam kan julle nog iemand soek om gereeld daarvoor te bid. So sal die groep groei en kan julle 'n gebedsgroep vorm. Indien daar reeds 'n gebedsgroep in die gemeente bestaan, sorg dat jy beslis daarby aansluit. Moenie net sit en kritiseer nie, sorg dat jy daar is en lewer jou bydrae. Dit is by uitstek die geestelike leier van die gemeente se verantwoordelikheid om leiding te neem in die saak van gebedsbyeenkomste. Indien die geestelike leier van die gemeente nie die belangrikheid daarvan insien nie, moet daar spesifiek en doelgerig vir hom gebid word.

Daar is vandag 'n tendens op sommige plekke dat voorbidders hulle van die gemeentelike gebedsgroepe onttrek en 'n eie gebedsgroep begin. Hulle word dus buitestaanders en probeer om die gemeente "*reg te bid* ". Hierdie is 'n baie ongesonde tendens. Voorbidders moet tot elke prys daarteen waak om hulleself te isoleer. Baie keer kan 'n mens nie die voorbidders kwalik neem dat hulle hulself wil onttrek ne, want dit gebeur dikwels dat die geestelike leiers van die gemeente nie visie het nie of dat hulle bedreig voel deur die voorbidders. Maar juis daarom moet die voorbidders soveel te meer poog om hulleself nie van die gemeente af te skei en hulle eie ding te doen nie. Die voorbidders het die beskerming en die geestelike gesag ("covering") van die predikant/pastoor oor hulle nodig. God gee die geestelike leier as hoof en gesag aan die gemeente en ons moet daarteen waak om dit te ignoreer. Al voel dit vir jou dat jou geestelike leier - volgens jou - nie op die regte geestelike vlak is nie, mag sy gesag nog nie geïgnoreer word nie. Voorbidders moet uit hulle pad gaan om 'n pad saam met die geestelike leier van die gemeente te loop en dieselfde geld vir die geestelike leier t.o.v. die gebedsgroepe en voorbidders.

Die volgende is enkele riglyne vir die gemeentegebedsgroepe:

1. Gebede in 'n gebedsgroep moet kort en kragtige gebede wees - meestal net 'n paar sinne. Wanneer iemand gebid het, moet hy 'n paar ander mense toelaat om ook te bid, waarna hy weer kan bid - telkens net kort gebede.
2. Die belangrikste element van groepsgebed is harmonie en eendragtigheid, sodat julle met mekaar kan saamstem in die gebed. **(Matt. 18:19-20)**. Die aantal bidders is van veel minder belang as die eenstemmigheid wat daar moet wees onder die wat wel byeengekom het om te bid. Die Griekse woord vir *saamstem* beteken letterlik simfonie. Daar moet dus 'n geestelike eensgesindheid onder die bidders wees.

3. Bid oor een onderwerp op ‘n slag. Een persoon begin bid vir ‘n spesifieke saak en die ander bidders sluit daarby aan. Wanneer almal voel dat hulle klaar gebid het vir die spesifieke saak, word daar oorgegaan na die volgende gebedsonderwerp.
4. By gebedsbyeenkomste moet daar kort lering oor gebed gegee word. in Kort gedeelte uit die Skrif kan behandel word, of enkele teksgedeeltes kan toegelig word. Gee geleentheid vir die ander bidders om ‘n teks of belangrike gedagte met die groep te deel.
5. Gee aan die verskillende bidders die geleentheid om te sê of die Here iets spesifieks op hulle hart gelê het om voor te bid, of dalk iets wat hulle met die groep moet deel.
6. Moenie van die gebedsgeleentheid in Bybelstudie of ander vorm van besprekingsgeleentheid maak nie. Die hoofklem moet op gebed val.
7. Hanteer die verskillende aspekte van gebed. Begin byvoorbeeld met aanbidding en lofprysing, gevolg deur sang; daarna voorbidding, danksegging, ander versoeke en sluit af met lofprysing.
8. Skryf die onderwerpe vir voorbidding en danksegging op ‘n swartbord, of gebruik transparante en ‘n oorhoofse projektor.
9. Voorbidding vir sending- en evangelisasiewerk is as ‘n reël kardinaal by gebedsgeleenthede. Maak spesifieke individue verantwoordelik om ter sake gebedsinligting oor spesifieke sendelinge, sendingaksies of spesiale aksies te versamel en deur te gee vir voorbidding. ‘n Gemeente kan bv. in spesifieke sendeling (sendingveld) of evangelis *"aanneem*" en onderneem om voorbidding te doen vir hom en sy gesin.
10. Moenie wegtrek en vir ‘n uur aanmekaar bid nie. Gee inligting oor ‘n saak, bid daaroor vir 5-10 minute (selfs langer), stop die groep en gee dan inligting oor ‘n volgende saak deur. Na ‘n halfuur of meer kan daar byvoorbeeld in lied gesing word, of enkele ter sake teksgedeeltes voorgelees word.
11. Wanneer jy begin met ‘n gebedsgroep, kan jy dit in die kerk afkondig in die kerk en almal uitnooi. Moet egter nie ontmoedig wees as daar net twee of drie opdaag nie. Begin met die wat kom. Die volgende is egter baie belangrik. Bid vir meer voorbidders. Moenie kla oor die feit dat daar min bidders is nie, bid vir meer. Gaan na spesifieke individue en vra hulle pertinent om aan te sluit by die gebedsgroep en om te kom help met die werk van die gebed. Vra vir mense om betrokke te raak soos wat jy iemand sal vra om te help met bv. die aanry van stoele na ‘n saal, of om plakkate te maak. Te veel mense sien gebed as iets wat ons doen wanneer ons ekstra tyd het en daar word nie genoeg gemaak van die feit dat daar gebedswerk is wat gedoen moet word nie.
12. Probeer ook om mense en groepe wat bymekaar hoort in gebedsgroepe bymekaar te bring sonder om die gemeente noodwendig te verdeel. Ouer mense bid makliker in ‘n groep saam. Jongmense het hulle eie styl en behoeftes en is normaalweg vurige en ernstige bidders. Moenie onnodig bang wees om verskillende gebedsgroepe op die been te kry nie.
13. Een van die goue reëls vir gemeente wees, is om soveel moontlik gebedsgroepe te organiseer. Probeer soveel mense as jy kan, betrokke kry by voorbidding, hetsy in groepe of as individue. Dink selfs daaraan om weekliks in nuusbrief met gebedsinligting aan individue te gee wat aangedui het dat hulle spesifiek vir die sake sal bid.

14. Daar moet minstens eenmaal per week in gemeentelike gebedsbyeenkoms wees. Voorbidding staan nooit los van geestelike groei en die gemeenskap van die gelowiges (fellowship) nie.
15. Maak genoeg tyd vir gebed. Moenie op tye waar dit onvanpas is, onnodig baie tyd aan gebed afstaan nie. Wanneer daar egter gebedsgeleenthede gereël word, moet daar genoeg tyd vir gebed gemaak word. Gebedsbyeenkomste kan verskillende vorme aanneem:
    - weeklikse gebedsbyeenkomste vir die hele gemeente of sekere groepe binne die gemeente,
    - gebedsdrielinge (probeer soveel moontlik lidmate op hierdie manier betrek),
    - 'n klein groepie wat gereeld vir 'n spesifieke saak saambid;
    - in halfnag/deurnag van gebed een tot twee keer per jaar;
    - in gebedsnaweek;
    - 'n 24-uur gebedsketting een dag per week;
    - vroeë oggendbidure;
    - middagete bidure;
    - 'n gebedsontbyt - veral vir werkende mense;
    - 40 dae vas-ketting;
    - 'n gebedspan wat spesifiek vir die leraar se werksaamhede bid.
16. 'n Gebedsbyeenkoms kan op verskillende maniere ingeklee word en daar kan in dieselfde byeenkoms van meer as een vorm van gebed gebruik gemaak word:
    - verdeel in klein groepies;
    - spontane gebed in die groot groep;
    - vra spesifieke individue om vir spesifieke sake te bid;
    - vra twee of drie persone om vir 'n saak te bid, noem die volgende gebedsonderwerp en vra weer twee of drie persone om daarvoor te bid.
17. Moedig die voorbidders aan om Skrifgedeeltes, veral beloftes vanuit die Skrif, in hulle gebede te gebruik. Dit is geloofsversterkend.
18. Bid vir die voorbidders - die duiwel sal telkens alles in sy vermoë doen om hulle te verhinder om te kom saambid.
19. Essensieël by gebedsbyeenkomste is die sake vir voorbidding. As die doel vervaag, begin mense hulle motivering verloor om saam te kom om te bid. Dit is belangrik dat daar vir die gemeente self gebid sal word, maar dit is net so belangrik om te bid vir sake buite die gemeente. Wanneer in gemeente se gebedsvisie verskraal tot voorbidding vir siekes en volgende maand se kerkbasaar, sal die bidders minder word en word die biduur 'n las.

In die volgende paragrawe wil ek graag vier van die bogenoemde moontlikhede vir groepsgebed behandel. Beskou dit as basiese riglyne en nie as volledig uitgewerkte studiestukke nie.

1. Gebedskamers

Gebedskamers is ‘n saak wat baie nou by die hele konsep van gebedskettings aansluit. Die ideaal is om ‘n gebedskamer in elke gemeente te hê. Hierdie gebedskamer kan gebruik word vir individue om daar te kom bid, vir gebedskettings en vir gebruik deur verskillende gemeente gebedsgroepe.

Voordele van gebedskamers

- Dit help lidmate om fisies ‘n plek te hê waar daar gebid word.
- Dit help om die beginsel van konstante, volhardende gebed by ‘n gemeente te kweek as die gebedskamer effektief gebruik word.
- Dit is ‘n sigbare uitdrukking van die gemeente se gebedsinisiatief

Hoe om die gebedskamer te benut

- Begin om een dag per week ‘n 24-uur ketting in die gebedskamer aan die gang te kry.
- Laat die verskillende gebedsgroepe en Bybelstudie groepe die gebedskamer vir hulle gebedsbyeenkomste gebruik.
- Die jeug, vrouens, mans, werkende jongmense kan besluit om elke week ‘n blok tyd te neem en dit te vul met voorbidders. Die jeugaksie kan argumentshalwe elke Vrydagmiddag van 14h00 tot 24h00 neem en spesifiek vir die aktiwiteite van die jeug kom bid.
- Die gebedskamer kan gebruik word om vir krisis-sake voorbidding te doen.
- Die gebedskamer is ‘n ideale plek waar voorbidders bymekaar kan kom om gedurende eredienste voorbidding te doen vir die eredienste.

Organisasie van ‘n gebedskamer

- Daar moet ‘n verantwoordelike persoon aangestel word om leiding te neem rondom die gebedskamer - verkieslik nie die predikant nie. Hierdie persoon moet wel onder die gesag van die geestelike leier staan en moet minstens weekliks aan die geestelike leier verslag doen.
- Hierdie persoon moet sorg dat daar vars gebedsinligting is en dat daar terugvoering gegee word van sake waarvoor daar gebid is.
- Die gebedskamer moet netjies gehou word en daar moet kontrole gehou word oor die groepe wat die gebedskamer gebruik en pogings moet aangewend word om meer mense te betrek om die gebedskamer effektief te benut.

Waarvoor word daar gebid in gebedskamers

- Bid vir die aktiwiteite van die gemeente.
- Bid vir die sendelinge wat deur die gemeente uitgestuur en onderhou word.
- Bid vir die evangelisasie aksies van die gemeente, basaars ens.

- Bid vir alle vergaderings rakende gemeente aktiwiteite.
- Bid vir gesinne, sosiale aangeleenthede, siekes in die gemeente, mense wat daardie week
- verjaar ens.
- Bid vir die groei van lidmate en vir die ongereddes wat binne die gemeentegrense woon.
- Bid vir die gemeente se finansies en vir die effektiewe aanwending van die finansies.
- Bid vir die eredienste op Sondae.
- Bid vir die spesifieke dorp/stad.
- Bid vir die bereiking van die onbereiktes met die evangelie.

Werwing van voorbidders

Om voorbidders te werf is van kardinale belang. Mense meld as in reël nie vanself aan om as voorbidders te dien nie. Dit is onontbeerlik dat die predikant, te midde van wat sy program ook al mag wees, bv. ‘n halfuur in die gebedsketting sal neem of minstens een keer per week self van die gebedskamer gebruik sal maak.

Terugvoering oor antwoorde op gebed motiveer mense en dit help dat individue kom en hulleself aanmeld om deel te word van die voorbidders.

Moenie mense skuldig laat voel omdat hulle nie kom bid nie. Maak dit vir hulle aantreklik – konsentreer om die seën wat voorbidding vir die voorbidder inhou en op die feit dat gebede beantwoord word. Dit sal mense trek.

Moenie haastig wees nie. Laat die Heilige Gees self mense se harte voorberei om betrokke te raak by voorbidding. Moenie ‘n verpligting op mense plaas om in die gebedskamer te kom bid nie. Nooi hulle uit om daarvan gebruik te maak en moenie onrealistiese verwagtings aan mense stel nie.

Onthou ook dat jy nooit by die punt sal kom waar die hele gemeente die gebedskamer sal gebruik nie.

Mense se gawes en verantwoordelikhede in die koninkryk van die Here verskil. Hou daarmee rekening.

Praktiese wenke

- Die gebedskamer moet verkieslik by die kerkgebou self wees of by ‘n plek naby die gemeente en dit moet toeganklik wees.
- Dit help baie as ‘n druk-nommerslot gebruik word sodat mense maklik in die gebedskamer kan inkom. Sleutels is altyd ‘n beslommernis.
- Dit help baie om bv. fotos van die gemeente se sendelinge, kaarte van lande waarin sendingwerk gedoen word, kaarte van die gemeente ens. in die gebedskamer te hê – dit stimuleer die bidders om te bid. ‘n Gesinsfoto van die predikant, fotos van die kerkgebou,

stadsaal, en ander belangrike plekke is ook geskik om uit te stal - hetsy teen in aanplakbord of in ‘n plakboek.

- Kry ‘n spesifieke boek waarin al die antwoorde op gebed opgeteken word. Laat die predikant een of twee keer per maand enkele van die gebedsantwoorde van die kansel af lees dit versterk mense se geloof.
- Dit is belangrik dat die gebedskamer slegs vir gebed gebruik sal word.
- Die volgende is belangrike voorwaardes vir ‘n gebedskamer: dit moet maklik bereikbaar wees; dit moet veilig wees en daar moet verkieslik sekuriteitsligte vir die nag wees; dit moet skoon wees en iemand moet vir die netheid verantwoordelikheid neem; dit moet gerieflik wees (dit is nie noodwendig heilig om op in sementvloer te bid nie) en dit moenie onnodig luuks wees nie; daar moet goeie beligting wees en dit moet betreklik stil wees.
- Dit is belangrik dat die geestelike leiers van die gemeente betrokke sal wees. Verder moet die voorsitters van gemeentekommissies aangemoedig word om die gebedskamer te benut en daarna die gewone lidmate. Plaas van tyd tot tyd ‘n lys voor in die kerk vir mense om hulle name op te skryf as hulle by die gebedskamer betrokke wil raak. Maak seker dat nuwe persone wat bykom, deeglik georiënteer word oor die funksionering van die gebedskamer en die praktiese prosedures.
- ‘n Gebedskamer is nie ‘n doel in sigself nie. Die gebedskamer funksioneer in ooreenstemming met die visie van die gemeente.
- Moenie aanneem dat alle lidmate weet hoe om hulle gebedstye prakties te vul nie. Die gebedsmodel van Dick Eastman om ‘n uur in 12 periodes van 5 minute op te deel en in elke deel ‘n ander faset van gebed te hanteer, is ‘n goeie beginpunt (The *Hour that Changes the World deur Dick Eastman).*
- ‘n Sinvolle boek oor gebedskamers is die boek *"Don’t just stand there, pray something "* deur *Ronald Dunn.*

2. Deurlopende gebedsondersteuning vir spesifieke byeenkomste

Dit gaan hier oor gebedsondersteuning vir ‘n bepaalde projek of aksie. Dit kan ‘n evangeliasieweek, sendingkonferensie of geestelike vernuwingskonferensie wees om maar net enkele voorbeelde te noem.

Dit kan op verskillende maniere ingerig word. Een manier is om mense te kry om vir drie dae of twee weke, ‘n uur tot drie ure per dag beskikbaar te wees om by ‘n spesifieke plek bymekaar te kom en te bid vir die saak waaroor dit gaan. Daar kan byvoorbeeld besluit word om soggens van sesuur tot saans negeuur mense te hê wat gaan bid. Die bidders kom in skofte van 2-4 ure (verkieslik nie langer nie). Daar moet ‘n gebedsgroepleier wees om dit alles te koördineer.

Die groepe wat kom om te bid moet verkieslik minstens 8-10 mense per skof wees en elke persoon moet probeer om twee skofte per dag te neem. As daar met skofte van 3 ure per keer gewerk word, is daar dus agt skofte (per 24 uur) en sal daar dus minstens 50 tot 60 bidders moet wees. Dit beteken in effek dat die persoon wat op die gebedsondersteuningspan is, vir die hele

duur van die konferensie of aangeleentheid waarvoor daar gebid word, beskikbaar moet wees. Vir baie mense sal dit beteken dat hulle vir daardie dae verlof by hulle werk moet insit. Hierdie soort voorbidding is nie kinderspeletjies nie en is geweldig uitputtend. Waak daarteen dat bidders fisies te moeg word: dit veroorsaak gebrek aan konsentrasie en lei tot oneffektiewe gebed. Wanneer ons fisies nie weerbaar is nie, is ons in maklike teiken vir die teenaanvalle van die duiwel.

Die vrug van hierdie byeenkomste is oorweldigend. Persone wat daaraan deelgeneem het se lewens is na die tyd net nie meer dieselfde nie. Groepe wat al van hierdie soort ondersteuning gebruik gemaak het, is baie beslis oor die feit dat hulle nooit weer ‘n konferensie of seminaar wil reël sonder dat daar deurlopende gebedsondersteuning vir die byeenkoms is nie.

Hierdie soort gebedsbyeenkomste moet baie goed georganiseer word en die bidders moet mense wees wat onder gesag kan staan en leiding van iemand anders kan aanvaar. Die keuse van ‘n spanleier is van kritiese belang. Alles kan deur die verkeerde persoon in hierdie posisie verongeluk word.

Wanneer die hele aksie eenmaal begin het, is dit belangrik dat inligting deurgegee moet word na die gebedskamer sodat die voorbidders kan weet waarvoor om te bid. Daar moet soveel as moontlik vars nuus wees, want dit hou die bidders in kontak met die saak waarvoor gebid word. Omgekeer moet die voorbidders op in sinvolle manier ook inligting na die konferensie deurgee. Hierdie inligting moet deur verantwoordelike leiers gemonitor word en op ‘n sinvolle wyse aan die konferensiegangers of sprekers deurgegee word.

Elke gebedsbyeenkoms kan begin met ‘n tyd van lofprysing en aanbidding. Bid daarna vir die sake wat voorhande is. Maak tyd om te luister of daar dinge is wat die Gees van God aan die voorbidders wil deurgee. Skryf die indrukke wat die Here op die groep se hart lê neer en gee (indien nodig) die inligting ook aan die volgende gebedspanne deur. Gebruik die beloftes van God en van die Woord. Dit sal die gebedsgroep van ‘n groot klomp misleiding vrywaar en sorg dat baie slaggate vermy word.

Cindy Jacobs gee in haar boek *Possessing the Gates of the Enemy* baie duidelike riglyne oor hoe om so ‘n deurlopende gebedsaksie te reël. Kyk gerus daarna vir meer inligting.

3. Gebedskettings

Dit is duidelik dat gebedskettings deel van God se strategie in die volgende aantal jare gaan wees. Daar het groot deurbrake gevolg op die verootmoediging van Christene in Suid-Afrika tydens die verkiesing in April 1994. Daar het ook groot deurbrake gekom a.g.v. die gebede voor en op *A Day to Change the World,* 25 Junie 1994. Maar dit was net die begin. Ons moet voortgaan om met volharding aan te hou bid totdat elke persoon op aarde die evangelie gehoor het, ons land herstel is, ware versoening tussen die verskillende groepe in die land gekom het en daar geestelike herlewing in die kerk in Suld-Afrika en wêreldwyd gekom het.

Ek is daarvan oortuig dat die kerk ‘n tydvak binnegaan waar volgehoue, volhardende en intensiewe gebed nodig is. My oortuiging is dat ons in die volgende aantal jare ‘n groot oplewing in gebedskettings gaan sien en ook groot geestelike deurbrake as vrug van hierdie gebedskettings. Ek wil gebedsgroepe, gemeentes en Christelike organisasies aanmoedig om vir die volgende 6 jaar minstens een dag per week ‘n 12 of 24-uur gebedsketting te hê, afgesien van normale tye van gebed. Dit sal ‘n gees van volhardende gebed kweek en meehelp dat daar geestelike deurbrake in ons land en in ander dele van die wêreld kom.

Gebedskettings is nie ‘n nuwe gebedsvorm nie, maar dit is asof dit in die afgelope jare weer begin herlewe het. Die doel van in gebedsketting is om ‘n groep mense te kry wat om die beurt vir in spesifieke tyd vir ‘n spesifieke saak sal bid. Daar kan argumentshalwe besluit word om vir ‘n maand lank vir geestelike vernuwing in die gemeente te bid. Daar word dan mense gesoek wat elk in uur of halfuur sal neem en daagliks of weekliks of op watter ander manier ook al, vir die bepaalde saak sal bid. So ‘n gebedsketting kan hoogs effektief wees as dit reg georganiseer word. Dit beteken dat almal presies moet weet:

a) waaroor daar gebid word
b) en wanneer hulle moet bid. Daar moet terugvoering gegee word oor antwoorde op gebed en die voorbidders moet met mekaar kan deel wat hulle in hul onderskeie gebedstye beleef het. Dit kan wees dat die Here ‘n spesifieke woord aan die hele groep wil deurgee. Dit kan kom in die vorm van ‘n visioen, droom, teksgedeelte of ‘n bepaalde indruk. Dit kan ook ‘n belofte wees, in vermaning, ‘n waarskuwing of leiding oor wat en vir wie daar gebid moet word. Sulke inligting moet gekontroleer en aan die hele groep wat in die gebedsketting is, deurgegee word.

Voorbeeld

Ongeveer drie eeue gelede het ‘n groep Christene, die Herrnhutters ‘n 24-uur, 7 dae per week gebedsketting begin en gebid dat evangelie oor die hele wêreld sal versprei. Daar was 24 mans en 24 vrouens wat aan hierdie ketting deelgeneem het. Hulle het skofte gehad waar 2 mans of 2 vrouens op ‘n keer gebedskofte van een uur elk geneem het. Hulle het vir 100 jaar met hierdie ketting volgehou. Tydens hierdie periode het hierdie klein groepie Christene (‘n paar duisend) meer sendelinge uitgestuur as die res van die kerk van die Here in alle ander denominasies en lande tesame.

Verskillende moontlikhede

Daar is verskillende maniere waarop sulke gebedskettings gerig kan word:

- Begin byvoorbeeld met in 12 of 24-uur, een dag per week gebedsketting in ‘n gemeente. Met so min as 12 mense (wat elk twee ure neem) kan so ‘n ketting sinvol en suksesvol wees. Probeer om mense se gebedskofte nie minder as een uur per sessie te maak nie. Indien daar meer as 24 bidders is, kan die ketting na twee dae per week uitgebrei word of die ketting versterk word deur meer as een persoon per gebedskof in te deel. Die ketting kan verder versterk word deurdat die deelnemers onderneem om:
    - op die betrokke dag wat die ketting in werking is, te vas, of

    - dat die verskillende persone elk op ‘n ander dag van die week sal vas.
- Om ’n 24-uur 7 dae per week ketting in ‘n betrokke dorp of stad te vorm, kan 7 verskillende gemeentes ooreenkom om elk een dag per week te vas. In verskillende groot wêreldstede is daar die afgelope jaar ook met Citywide Prayer Alerts begin. Dit beteken dat daar 168 gemeentes gesoek word om elk ‘n uur per week te neem om sodoende ‘n weeklikse 24-uur gebedsketting te vorm.
- Dit is ook moontlik om ‘n vasketting te hê. In ‘n vorige gemeente waar ek betrokke was, het ons by geleentheid ‘n 40dae vasketting gehad. ‘n Groep van ongeveer 60 lidmate het onderneem om elk een keer per week te vas. In effek het dit beteken dat daar elke dag 7-9 persone was wat gevas het.

Gebedskettings kan ook gebruik word om gebedsdekking vir ‘n reeks dienste, ‘n evangelisasie-week ens. te verleen. In sulke gevalle moet daar nie onbepaald, of vir te lank met so ‘n gebedsketting voortgegaan word nie. Doen dit vir ‘n week of hoogstens ‘n maand. Staak dit daarna. As die groep voel om later weer daarmee aan te gaan, is daar niks wat dit verhinder nie.

Mense kan afgestomp raak en later nie meer met vurigheid van gees en met volle oortuiging bid wanneer ‘n ketting nie ‘n bepaalde teikendatum het nie - veral as die doel waarvoor die ketting tot stand gekom het, in korttermyn saak is. ‘n Ander interessante en nuttige tipe ketting is waar mense mekaar op in bepaalde tyd telefonies kontak en vir vyf of tien minute saam bid. Die telefoon is uiters handig om vinnig gebedsonderwerpe in die geval van krisissituasies deur te gee. Die fasiliteit van die faksmasjien maak ook nuwe moontlikhede oop.

Doel van gebedsketting

Dit is belangrik dat ons nie ‘n gebedsketting moet hê net ter wille van ‘n ketting nie. Daar moet ‘n baie duidelike doel wees waarvoor gebid word. Om vaag en ongedefinieerd met voorbidding te wees, maak enige bidder geestelik moeg en dood.

Ek stel voor dat groepe begin deur vir ten minste die volgende sake in hulle gebedsketting te bid:

a) Geestelike herlewing in die kerk van Christus in Suid-Afrika en wêreldwyd.
b) Wêreldevangelisasie - die bereiking van die meer as 6000 onbereikte groepe met die evangelie en alles wat dit behels.
c) Die opbou van Suld-Afrika. Bid vir ware versoening tussen volkere en vir die beëindiging van geweld en stakings. Bid vir die ekonomiese ontwikkeling en groei van die land. Bid vir die nuwe regering om regverdig te regeer en besluite te neem wat tot die opbou van die land sal lei.
d) Elke gemeente, organisasie of gebedsgroep sal ook gebedsake hê wat vir hulle as groep belangrik is. Daar is beslis ruimte om daarvoor te bid.

Lengte van gebedsbeurte

Moenie die tye van die verskillende skofte korter as 1 uur per keer maak nie. Sommige mense sal

aanvanklik daarvoor terugdeins, maar met ‘n klein bietjie leiding en aanmoediging sal dit gedoen kan word. Kyk veral na die konsep wat Dick Eastinan in sy boek *The hour that changes the world* gebruik.

Organisasie is belangrik
‘n Gebedsketting vereis deeglike organisasie. Dit is nie iets wat net spontaan sal voortgaan nie. Die persoon wat dit organiseer, moet verkieslik nie die predikant of die pastoor van die gemeente wees nie.

Hulle het genoeg werk. Die organiseerder moet egter ten nouste met die geestelike leier saamwerk en onder sy gesag staan.

Dit is ook belangrik dat die gebedsorganiseer oor die volledige adresse en telefoonnommers van al die persone in die ketting sal beskik. Daar moet gereeld (een keer per week, of nie minder as een keer in twee weke) met die persone in die ketting gekommunikeer word. Dit kan d.m.v. die telefoon of per brief gedoen word.

Dit is belangrik dat:
a) praktiese inligting en reëlings deurgegee sal word;
b) antwoorde op gebed deurgegee sal word;
c) nuwe gebedsversoeke deurgegee sal word;
d) kontrole gehou sal word om seker te maak die ketting funksioneer en dat almal nog hulle gebedsbeurte waarneem.
e) waar nodig mense wat vir ‘n maand of langer ‘n nagskof gehad het, kans sal kry om om te ruil sodat ander weer die moeilike tye in die vroeë oggend kan neem.

Die voordeel en Skriftuurlikheid van gebedskettings
Gebedskettings het verskeie voordele:
a) Dit bring eenheid onder gelowiges omdat daar saam op ‘n bepaalde saak of sake gefokus word.
b) Gebedskettings is in ooreenstemming met die beginsel van volhardende gebed in **Lukas 18:1, 1 Tessalonisense 5:18 en Efesiërs 6:18.**
c) **2 Korintiërs 1:11** sê dat die gebede van baie ‘n groot seën van God meebring.
d) **Matteus 18:19-20** sê dat waar twee of drie oor in saak saamstem, God dit vir hulle sal gee. Gebedskettings werk juis op die beginsel van saamstem in die gebed,
e) So ‘n ketting skep ‘n verwagting by gelowiges en daarom word daar vuriger en met meer geloof gebid.

4. Halfnagte van gebed
‘n Ander manier om ‘n groter volume gebed vir jou gemeente te bekom is om kwartaalliks ‘n halfnag van gebed te reël, byvoorbeeld van 19h00 tot 23h00. So ‘n gebedsessie het ‘n sterk saambindende uitwerking op ‘n gemeente of groep gelowiges. Dit beteken nie dat daar die hele

tyd gebid word nie. Daar is plek vir sang en lofprysing wat afgewissel kan word met lering (bv. oor gebed) en die deurgee van inligting oor die spesifieke saak waarvoor volgende gebid gaan word.

Sterk getuienisse en duidelike antwoorde op gebed is ook sinvol. Dit is belangrik om die manier waarop daar gebid word, af te wissel. Soms kan daar in die groot groep gebid word, ander kere in groepe van 10-15 of klein groepies van 2-3 of 4-6.

Afwisseling is nodig, maar die afwisseling moet ook nie so aanhoudend wees dat dit mense verwar en ontwrig nie. Wanneer groepe saam bid, leer hulle mekaar in die begin eers ken en leer hulle hoe om by mekaar aan te sluit in die gebed. As die groepe te veel gewissel word, bou die gebedsgroepe nie eenheid nie en belemmer dit die gebedsgees.